

# Risikobestuur- verslag

## Inleiding

Die direksie is in die finale instansie verantwoordelik vir die risiko- en geleentheidsbestuursproses en die interne beheerstelsel van Remgro. Die direksie het die omvattende risiko- en geleentheidsbestuursbeleid en -plan wat deur die bestuur geïmplementeer is, nagegaan. Hierdie plan behels voortdurende risiko- en geleentheidsopsporing en identifisering en assessering, asook die vaslegging van interne beheermaatreëls sowel as risikovermindering en versekeringsstrategieë.

Die oudit-en-risikokomitee is verantwoordelik om die doeltreffendheid van die risiko- en geleentheidsbestuursproses en interne beheerstelsels te monitor en in hierdie verband word hy ondersteun deur sy subkomitee, die risiko-, geleentheids-, tegnologie- en inligtingsbestuurs- operasionele subkomitee (RGTIB). Die strategiese ESG-komitee speel 'n belangrike rol ter ondersteuning van die oudit-en-risikokomitee deur oorsig en die monitoring van Remgro se omgewing-, maatskaplike en bestuurs (ESG)-vertoning en rentmeesterskap by wyse van beleide, raamwerke, standaarde, riglyne en goedgekeurde teikens. Die interne en eksterne ouditeure, saam met bestuur en sekere eksterne konsultante, het die taak om gekombineerde gerusstellingsverslae aan die oudit-en-risikokomitee te lewer.

Etiese leierskap en menslike kapitaal vorm die hoekstene van Remgro se risiko- en geleentheidsbestuursfilosofie omdat dit bedryfsbevoegdheid, entrepreneursvernuif, 'n goeie korporatiewe reputasie en doeltreffende bestuur verseker. Die finansiële, vervaardigde, intellektuele, menslike, maatskaplike en verhoudings-, asook natuurlike bates vorm deel van die "seskapitaalbegrip" wat bestaan uit finansiële, vervaardigde, intellektuele, menslike, maatskaplike en verhoudings- en natuurlike hulpbronne, waarna in die King IV Verslag oor Korporatiewe Bestuur vir Suid-Afrika (2016) (King IV) verwys word. Hierdie kategorieë van kapitaal, asook die onderlinge verband en benutting daarvan, in wisselende mate, vorm 'n wesentlike deel van die risiko- en geleentheidsproses in die maatskappy.

Remgro se risikobestuursproses behels die ordening van hulpbronne om die bereiking van die maatskappy se gestelde doelwitte, gepaardgaande met sy doel, strategiese en belynde besigheidsplanne te verseker, insluitende die benutting van beskikbare geleenthede wat voldoen aan die risiko-aptitmaatstawwe deur die direksie daargestel. Risikoprofiel inherent tot bestaande bedrywighede en beleggings word teen verwagte beleggingprestasiëriteria gekontroleer, waardeur die risiko-opbrengsparameters bestuur word vir die skep van volhoubare groei en waarde vir aandeelhouers en ander belanghebbendes.

Remgro se (ESG)-risikobestuursraamwerk wat riglyne gee vir verantwoordelike belegging, is ook relevant in hierdie opsig, omdat dit verseker dat die oorweging van ESG-risiko's en -geleenthede, sowel as impak- en volhoubaarheidsoorwegings, geïntegreer en vasgelê word in risiko- en geleentheidsbestuursprosesse. Remgro se volhoubaarheidstrewes vorm dus 'n integrale deel van sy beleggingbestuursprosesse. Die fokus is op die verwesentliking van geskikte geleenthede en die oorweging van ooglopende risiko-aspekte in die daarstelling van volhoubare waardeskeppende strategieë. Beginsels en beoordelingsmaatstawwe sluit ESG-risiko's in, asook impak-oorwegings, waardeskeppingsgeleenthede en volhoubaarheid van bestaande en potensiële beleggings.

Om die implementering van hierdie ESG-beleggingsraamwerk te ondersteun, het Remgro standaardbedryfsprosedures (SOP) ontwikkel wat die verskillende bestuurstrukture en beleggingspanne in staat stel om die raamwerk konsekwent en doeltreffend toe te pas. Die operasionele ESG-komitee sien toe dat die register vir ESG-risiko en -geleenthede, wat ontwerp word om doelgerigte besluitneming te ondersteun, voortdurend verbeter word.

Opkomende risikobeoordeling, wat die daarstelling van strategie beïnvloed, sluit in die oorweging van moontlike toekomsensario's, inaggenome, onder andere, politieke, omgewings-, sosiale, tegnologiese, ekonomiese en wetgewende ontwikkelings, beide in die Remgro- en globale omgewing, asook in die marksektore waarin belê word. Gegewe die voortdurende eskalering van ESG-uitdagings plaaslik en internasionaal, is die groep se reaksie 'n ooreenstemmende opgradering van ESG-strukture en -inisiatiewe, bykomend tot die goeie prosesse wat in vorige jare aanvaar is.

## Verslagparameters

Vanweë die aard en omvang van Remgro se beleggingsportefeulje, fokus hierdie verslag op die bedrywighede van die maatskappy en sy filiale, behalwe waar sulke entiteite afsonderlike genoteerde bedryfsfiliale met outonome direksies en voldoende eksterne rapportering is, of die wesentlikheid van sodanige inligting onvoldoende geag word om volledige openbaarmaking te regverdig. Derhalwe bevat hierdie verslag risiko- en geleentheidsbestuursinligting van die maatskappy, Remgro Bestuursdienste Beperk (Remgro se dienstemaatskappy) en V&R Management Services AG<sup>(1)</sup>. Hierdie eksterne verslagparameters word hersien om te verseker dat dit in ooreenstemming met internasionale ontwikkelings in dié verband is.

<sup>(1)</sup> 'n Volfiliaal, geregistreer en bestuur in Switserland, wat administratiewe, rekeningkundige en tesouriedienste aan Remgro se buitelandse filiale en derde partye verskaf.


## Risiko- en geleentheidsbestuurstruktuur

Die struktuur op die volgende bladsy is ingestel en word gehandhaaf om die doeltreffende en effektiewe bestuur van risiko en geleenthede in die maatskappy te verseker.

Die funksie van die hoof risikobeampte word tussen die volgende individue verdeel:

- Die hoofuitvoerende beampte (HUB) rapporteer op 'n deurlopende grondslag direk aan die direksie oor risiko's wat 'n uitwerking op die doeltreffende en effektiewe uitvoering van sy strategie mag hê en geleenthede aan die beleggingskomitee voorgelê, insluitende risiko's en geleenthede wat in die beleggingsportefeulje geïdentifiseer is.
- Die hoof finansiële beampte (HFB), as voorsitter van die RGTIB-komitee, is verantwoordelik vir die toepassing van risiko- en geleentheidsbestuur in die daaglikse bedrywighede van die maatskappy, wat die opstel, hersiening en handhawing van die maatskappy risiko-register en risiko- en geleentheidsbestuursbeleid en -plan insluit.
- Die hoofouditbestuurder (HOB) woon vergaderings van die bestuursraad, die operasionele ESG-komitee en RGTIB-komitee by en verleen waardetoevoegende oorwegings en onafhanklike gerusstelling oor die effektiwiteit van die komitee se werksaamhede, asook die risikobestuursproses en stelsel van interne beheer.

## Direksie- en bestuurstrukture



Die strategiese ESG-komitee en die maatskaplike-en-etiesekomitee het op 1 Julie 2024 saamgesmelt om die maatskaplike-en-etiese-en-volhoubaarheidskomitee te vorm.

## Risikobestuursproses

Die risiko- en geleentheidsbestuursbeleid is op die beginsels en raamwerk van die internasionale COSO (Komitee van Borgorganisasies van die Treadway-kommissie) Ondernemingsrisikobestuur Raamwerk gegrond en voldoen aan die aanbevelings van King IV. Hierdie beleid beskryf die doel, metodiek, prosesse en verantwoordelikhede van die onderskeie rolspelers in die maatskappy se risiko- en geleentheidsbestuur. Die risiko- en geleentheidsbestuursbeleid is onderworpe aan jaarlikse hersiening en enige voorgestelde wysigings word aan die oudit-en-risikokomitee vir oorweging en aanbeveling aan die direksie vir goedkeuring, voorgelê.

Remgro is 'n beleggingshouermaatskappy en as sodanig neem die risiko- en geleentheidsbestuursproses die risiko's en geleenthede binne die maatskappy, sy beleggingsmandaat, sowel as die risiko's en geleenthede inherent tot sy beleggingsportefeulje in ag.

Deur bogenoemde prosesse hou Remgro, as 'n verantwoordelike belegger, deur sy verteenwoordiging op die outonome direksies

van onderliggende beleggings, toesig oor die implementering en handhawing van behoorlike korporatiewe bestuur in alle ondernemings waarin belê word.

Remgro wend toegewyde prosesse aan om ontwrigtende risiko's betyds te identifiseer en doeltreffend te temper, asook om geleenthede te benut wat verband hou met toekomsontwikkelings.

Risiko's en geleenthede wat na vore kom, word met 'n gesonde korporatiewe en entrepreneurskultuur geïntegreer om rigting te gee aan strategie en beleggingsmandaatoorwegings.

Sleutelfokusgebiede gedurende die jaar onder oorsig het onder meer ingesluit die voortslepende oorloë in Oekraïne en Gasa en verwante implikasies, vlakke van politieke bestendigheid gedurende verkiesings in verskeie lande wat wêreldwyd ekonomiese bydraers is, plaaslike politiek voor en ná die verkiesing en beleidsveranderinge, ekonomiese tendense, ongunstige weersomstandighede, maatskaplike bestendigheid wat met dienslewering verband hou, toenemende vlakke van misdaad en uitdagings met infrastruktuur.

Die onderstaande tabel gee 'n opsomming van die belangrikste bedryfsdoelwitte en verwante risikovermindingsprosesse wat in Remgro se risikoregister opgeneem is:

### Sleuteldoelwitte

Die aanstelling en behoud van direkteure en beamptes wat oor geskikte vaardighede en ondervinding beskik, asook die vereiste waardes en dryfkrag.

Etiese en sigbare leierskap via bestuurstrukture en verwante prosesse vir die handhawing van Remgro se reputasie as 'n goeie korporatiewe burger en 'n maatskaplike en omgewingsverantwoordelike belegger.

Aanvaarding en implementering van 'n toepaslike langtermynstrategie en goedgekeurde besigheidsplanne wat goed aan bestuur gekommunikeer en gedelegeer is.

### Sleutelbeheermaatreëls

Doeltreffende funksionering van die vergoedings-en-nominasiekomitee.

Doeltreffende funksionering van die talent-en-vergoedings-bestuurskomitee.

Prestasiebeoordelings en evaluerings, om uitsonderlike prestasie te motiveer, ondersteun en vergoed.

Sterk etiese leierskap.

Projekte en inisiatiewe wat die bestuursraad ondersteun in die ontwikkeling van menslike kapitaal wat te midde van skielike en ontwrigtende verandering kan floreer, diversiteit, gelykheid en inklusiwiteit kan verbeter en prestasie kan verhoog.

Prosedures vir teenkorrupsie-, asook bedrogvoorkoming-en-opsporing.

Vasgelegde stelsel van waardes en etiek en die handhawing daarvan deur sigbare leierskap en etiese bevoegdheidsopleiding.

Formele belasting-, omgewings- en maatskaplike beleide.

Korporatiewe kultuur wat op voortreflike uitvoering, billike handeling en deursigtigheid in verslagdoening fokus.

Omvattende korporatiewe bestuurstrukture en -stelsels wat aan King IV voldoen.

Effektiewe en geloofwaardige kommunikasie met beleggers en belanghebbendes.

Doeltreffende funksionering van die maatskaplike-en-etiese komitee.

Doeltreffende oorsig van ESG-beleide en vertoning deur die strategiese ESG-komitee.

Besigheidstrategieë in ooreenstemming met korporatiewe doelwitte, gegrond op inklusiewe belangegroepbeginsels.

Effektiewe funksionering van die oudit-en-risikokomitee.

Doeltreffende interne beheermaatreëls, gesamentlike gerusstelling-, risikobestuur- en rapporteringsprosesse.

Doeltreffende bestuursraad wat deur uitvoerende bestuur en 'n ervare beleggingsafdeling ondersteun word.

Talentontwikkelingsinisiatiewe wat daarop gemik is om opleiding rakende ontwrigtende nuwe tendense en tegnologieë aan beroepspersone binne Remgro se beleggings te verskaf.

Belegging in die bevordering van menslike en intellektuele kapitaal wat in die groep ontplooi is.

Behoorlike ontwerp en implementering van toepaslike risiko-reaksie, die daarstelling en implementering van sakeveerkragtigheid en kontinuïteitsreëlins, wat Remgro in staat stel om onder onstabiele omstandighede sake te doen, om weerstand te bied teen erge skokke en daarvan te herstel, en om ondernemingsveerkragtigheid te bevorder. Fokusgebiede sluit, onder andere, kommerwekkende tendense in, soos die mislukking van infrastruktuur, wisselvalligheid en agteruitgang van elektrisiteitsverskaffing, toenemende misdaad, gemeenskapsgriewe, wat verband hou met gebrek aan dienslewering, en voortgesette verswakking van die ekonomie.

Werkgroepe gefokus op toekomsverkenning en sleutelbeleggingsdoelwitte wat aan die bestuursraad rapporteer.

## Sleuteldoelwitte

Ontwikkeling en implementering van 'n ESG- en volhoubaarheidstrategie om konsekwentheid van standaard regdeur Remgro en sy onderliggende beleggings te verseker.

Belyning met internasionale en plaaslike beste praktyke.

---

Akkurate, deursigtige en betroubare rapportering aan, en interaksie met, belanghebbendes.

---

Doeltreffende bestuur van onderliggende beleggings en versekering dat Remgro se beleggingsmaatstawwe gehandhaaf en die groep se regte beskerm word.<sup>(1)</sup>

## Sleutelbeheermaatreëls

ESG-handves en bestuurstrukture wat strategiese rigting en oorsig verskaf ter ondersteuning van Remgro se volhoubaarheidsdoelwitte.

Rentmeesterskap van onderliggende beleggings met betrekking tot ESG- en volhoubaarheidskwessies om, deur die nakoming van ESG-beginsels, volhoubare optrede te beïnvloed en te dryf ten einde algemene en gesamentlike volhoubaarheidsdoelwitte te bereik.

Direksie-oorsig saam met die strategiese ESG-komitee.

Direksieriglyne ten opsigte van die korporatiewe maatskaplike bestedingsfunksie.

Inbedryfstelling van gereelde basislyn vir ESG-voetspoorrappourtering regoor gekose onderliggende beleggings.

Veiligheids-, gesondheids- en omgewingsbestuur, binne die raamwerk van die RGTIB-komitee, met formele beleide.

Eksterne openbaarmaking standaard in ooreenstemming met die aanbevelings van die Taakspan oor Klimaatverwante Finansiële Openbaarmaking (TCFD)-raamwerk.

Suksesvolle deelname aan die CDP (voorheen Koolstof-openbaarmakingsprojek) en insluiting in FTSE/JSE Verantwoordelike Beleggingsindeks.

Implementering van 'n beleid vir verantwoordelike verkryging en die verlenging van sleutelverwagtinge wat Remgro se verskaffings- en waardeketting betref.

---

Formele beleid ten opsigte van kommunikasie met belanghebbendes.

Doeltreffende interne finansiële beheermaatreëls.

Omvattende gesamentlike gerusstellingsplanne en -prosesse, onder andere nie-finansiële en ESG-inligting.

Gestruktureerde en deurdagte geïntegreerde rapportering, insluitende oorweging van die impak van internasionale ontwikkelings ten opsigte van eksterne verslagdoeningsraamwerke en oor nie-finansiële inligting.

Voldoende en deursigtige openbaarmaking en rapportering van risiko's en geleenthede.

Beoordeling van eksterne rapporteringstandaarde.

Hersiening van die doeltreffende belyning van eksterne verslagdoeningsraamwerke met internasionale ontwikkelings en raamwerke.

Doeltreffende funksionering van die audit-en-risikokomitee.

---

Omvattende aandeelhouersooreenkomste word ten tye van belegging aangegaan. Dit vergemaklik doeltreffende verteenwoordiging op onderliggende beleggings se outonome direksies of beduidende invloed oor die uitvoerende bestuurspanne van onderliggende beleggings en verseker dat strategieë, doelwitte en leweringsteikens, insluitende ESG-standaarde en -verwagtinge nagekom word en dat ooglopende risiko's behoorlik bestuur word.

Strukture vir gedetailleerde interne verslagdoening, hersiening en bestuur word geïmplementeer om te verseker dat tydige, akkurate en betroubare inligting in besluitnemingsprosesse gebruik word.

Die vroeë identifisering van buitengewone beleggings-risikoprofiële deur middel van interne prosesse.

<sup>(1)</sup> Soos in die "Groepstruktuur"-gedeelte van hierdie verslag genoem, is Remgro nie by die dag-tot-dag-bestuur betrokke van maatskappye waarin belê is nie, maar het hy wel, deur aandeelhouersooreenkomste, nie-uitvoerende verteenwoordiging in hierdie outonome direksies wat op daardie vlakke vir risikobestuur verantwoordelik is.

## Sleuteldoelwitte

Handhawing van die belangrikheid van Remgro se korporatiewe teenwoordigheid in die beleggings-landskap aangesien dit hom in staat stel om sleuteltalent te lok en betekenisvolle aandeel in aantreklike beleggingsgeleenthede te bekom.

Beskikbare likiditeit om nuwe beleggings te finansier en suksesvolles verder te ondersteun.

Doeltreffende groepstrukturering om bestaande en nuwe beleggings te huisves.

Doeltreffende interne bedrywighede, waaronder sekretariële, finansiële, menslike hulpbronne, nakoming en alle ander afdelingsfunksies van die dienstemaatskappy en volfiliale onder beheer van die bestuur van die dienstemaatskappy.

Gegewe die belangrikheid van tesourie is die volgende doelwitte in die mandaat van die tesouriekomitee ('n bestuurskomitee, onder voorsitterskap van die HFB, bestaande uit die HUB en ander senior bestuurders) geïntegreer:

- Formele likiditeitsvereistes en risiko-apyt word opgestel en gekoppel aan gerealiseerde opbrengste op tesouriefondse.
- Handelsvoorwaardes met banke word hersien om toepaslike risikoverspreiding te verseker.
- Betaalstelsels word beveilig en kuberrisiko's getemper.
- Inligting word beveilig en behou, volgens beleid.
- FAIS (Wet op Finansiële Raadgewende Intermediêre Dienste, (Nr. 37 van 2002)) en FICA (Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum, (Nr. 38 van 2001)) word nagekom.
- Die volgende tesourierisiko's word spesifiek bestuur:
  - Likiditeitsrisiko
  - Instrumentrisiko (afgeleide instrumente en samestellingsmaatstawwe)
  - Beleggingskredietrisiko (kredietlimiete en verspreiding van kontant tussen goedgekeurde instellings)
  - Buitelandse valutarisiko (verspreiding en samestelling van goedgekeurde wisselkoersblootstelling)
  - Rentekoersrisiko, en
  - Afgeleide instrumentrisiko

## Sleutelbeheermaatreëls

'n Konserwatiewe sakebenadering, met langtermyn-beleggingsmaatstawwe, wat op groei, volhoubaarheid en likiditeit gefokus is.

Korporatiewe bedrywighede is in ooreenstemming met die langtermynstrategie en verantwoordelike beleggingsmaatstawwe.

Omvattende netwerke en robuuste prosesse gefokus op die identifisering van beleggingsgeleenthede, asook risikogegrunde omsigtighedsorsigte, gelei deur verantwoordelike beleggingsoorwegings.

Duidelike riglyne, verskans in die beleggingsraamwerk, om te verseker dat beleggingsbesluite, hersiening en kapitaaltoewysing in ooreenstemming met ESG- en volhoubaarheidsdoelwitte is.

Effektiewe funksionering van die beleggingskomitee word ondersteun deur te verseker dat die oorweging van ESG-risiko's deel van beleggings- en bestuurspraktyke vorm en dat kapitaaltoewysing effektief is.

Doeltreffende funksionering van die beleggingsafdeling insluitende transaksiepylyn-ontwikkeling, portefeuljebeoordeling, transaksie-implementering en toewysing van menslike kapitaal aan onderliggende beleggings.

Doeltreffende beleggersverhoudings en korporatiewe kommunikasie.

HUB-forum, met deelname deur beleggingsleierskap, om die impak van sleutelinisiatiewe te belyn en saam te voeg, insluitende korporatiewe maatskaplike belegging (KMB) en ESG-bedrywighede.

Doeltreffende funksionering van die tesourie en beleggingskomitees.

Konserwatiewe kontantadministrasie en 'n goed bestuurde en veilige tesourie-omgewing.

Handhawing van voldoende leenfasiliteite.

Handhawing van 'n sterk balansstaat.

Toepaslike beheerstrukture, ondersteun deur bevoegde en ervare regs- en korporatiewe belastingspesialiste.

Kundige en ervare bestuurders hersien gereeld beleide en praktyke wat rigting gee aan interne beheermaatreëls wat daarop gemik is om te verseker dat toepaslike doelwitte konsekwent bereik word.

Fokusgebiede sluit, onder andere, kuber- en bedrogsrisikovermindering in, asook verhoogde doeltreffendheid deur die aanvaarding van tegnologiese ontwikkelings.

'n Formele tesouriebeleid word deur die tesouriekomitee in stand gehou en hersien en wysigings word aan die direksie vir goedkeuring voorgelê.

Bekwame personeel word in die tesourie-afdeling in diens geneem en omvattende interne beheermaatreëls word ingestel en aan voldoen.

Die tesourie-afdeling vergader kwartaalliks met die gekontrakteerde eksterne nakomingsbeampte wat deur die Gedragsowerheid vir Finansiële Dienste (GOFD) goedgekeur is. FAIS en FICA-wetgewing word verskaf en Moonstone verskaf leiding om te verseker alle wetlike vereistes word korrek geïnterpreteer en nagekom. Daarby word die tesourie-afdeling (administratiewe en verhandelingskantoor) aan gereelde interne ouditoorsigte onderwerp, asook 'n jaareinde-oorsig deur die eksterne ouditeure.

Voortgesette beoordeling van geskikte beleggingsprodukte binne die raamwerk van die goedgekeurde tesouriebeleid.

## Sleuteldoelwitte

Voldoening aan belasting- en ander relevante wetgewing en industriepraktjke.

Betroubare en veilige inligting- en tegnologiese stelsels om sakedoelwitte en -vereistes te ondersteun.

Verseker dat gesonde prosesse opgeneem word om verlore beleggingsgeleenthede te voorkom wat aan Remgro se streng beleggingsmaatstawwe voldoen.

## Sleutelbeheermaatreëls

Indiensneming van belastingsspesialiste en raadpleging met onafhanklike belasting- en regs kundiges.

Beleid vir deursigtige belasting.

Wetlike nakomingsbeleid gekoppel aan deskundige regsadvies.

Doeltreffende nakomingsbeleid en -prosedures.

Doeltreffende uitkontrakteringssooreenkoms met 'n geloofwaardige diensverskaffer en diensvlakke wat koste-doeltreffende, veilige en beskikbare stelsels en netwerke ondersteun.

Tegnologie- en inligtingsbestuursbeleid ondersteun deur prosedures rakende sleutelaktiwiteite, soos besigheidskontinuiteit, inligting- en kubersekeriteit, behoud van dokumente en aanvaarbare gebruiksbeleid, insluitende POPIA-vereistes.

Bekwame en ervare beleggingsafdeling, met effektiewe bedryfsprosesse en -kontroles.

Verseker dat korporatiewe kultuur nie verantwoordelike risikoneming en geleentheidsbenutting strem nie.

Direksie-oorsig en bestuursmonitering van prestasie teenoor beleggingsplanne en -strategieë.

Kontrolering van prosesse om genoegsame veerkragtigheid in besluitneming, en die uitvoering daarvan, te verseker.

## Risiko-toleransievlakke

Die Remgro-direksie het die risiko-toleransievlakke opgestel en goedgekeur om die direksie se risiko-aptjyt te definieer en te verseker dat alle risiko's in die groep binne hierdie perke bestuur word.

Vanweë die aard van sy kernbedrywigthede, gebruik Remgro toegewyde en pasmaakmetodes om toleransievlakke in die volgende drie risikokategorieë te hanteer:

### Beleggings

As 'n strategiese langtermynbelegger word Remgro se beleggingsrisikotoleransie nie wiskundig bepaal nie; dit is eerder 'n funksie van portefeulje-samestelling, aandeelhouerregte en -beskerming, betrokkenheid van belanghebbendes en kapitaalstruktuur. Remgro streef daarna om sy portefeulje toepaslik te balanseer wat groei en volwasseheidsvlakke betref, gesteun deur 'n robuuste kapitaalposisie en geskikte aandeelhouerbeskerming om die risiko van ongunstige invloede op die portefeulje te versag.

### Tesourie

Gegewe die likiditeitsvereistes om die beleggings-portefeulje te ondersteun en nuwe beleggingsgeleenthede na te streef, word die risiko-toleransievlakke en gekoppelde opbrengste vir kontant wat in Suid-Afrika en internasionaal gehou word, gemeet ingevolge die uitleenkoerse wat die hoofbanke in die geldmark bepaal, met insluiting van, maar nie beperk tot, STeFI (korttermyn-vasterente) of LIBOR (Londense interbank-aanbodkoers), sowel as nakoming van vereiste kredietgraderings wat vir goedgekeurde teenpartye vasgestel is. Dit word deurlopend gemonitor en herevalueer gegewe heersende markvolatilititeit, risiko en, by tye, negatiewe opbrengste op kontant in sekere internasionale

geldmarkte. Benewens die gewone beleggingsinstrumente wat vir Remgro se kontant by die kern gebruik word, soos daggelddeposito's en depositonotas, was dit die taak van die tesouriekomitee om die spaarwerk voortdurend te monitor om gepaste beleggingsinstrumente aan die beleggingskomitee of direksie voor te lê sodat kontantopbrengs uitbrei kan word. Gegewe die voortgesette tendens van hoë vlak van rentekoerse in die rapporteringstydperk, is oorweging ook aan die koste van befondsing en 'n vermindering van die skuldvlak by die kern gegee.

Buitelandse valutarisiko's en kapitaalbewaringsrisiko's, tydens 'n ongunstige ekonomiese klimaat, word deur 'n konserwatiewe beleid ten opsigte van verskansingstrategieë en teenpartykeuring verminder.

Tesouriefondse word belê ingevolge 'n direksiegoedgekeurde tesouriebeleid wat kyk na teenparty- (krediet)risiko, likiditeitsrisiko, rentekoersrisiko, wisselkoersrisiko, instrumentrisiko, kommersiële risiko (handelsvoorwaardes), asook die beleid wat opgestel is om kontant en likiede bates te beveilig.

### Ander

Hierdie kategorie sluit risiko's in wat verband hou met onbeplande bateverliese en blootstelling aan laste, waarborge, sakeonderbreking en ander bedryfsrisiko's.

In sulke gevalle het die direksie, bykomend tot streng interne beheermaatreëls, 'n konserwatiewe benadering aanvaar om deur voldoende versekeringsdekking die verwagte maksimum verlies te verminder sou die risiko's in hierdie kategorieë 'n werklikheid word.

## Risiko-ptyt

Risiko-ptyt word as die risiko beskryf wat die maatskappy bereid is om te aanvaar sonder dat verdere risiko-verminderende aksies oorweeg word, of die mate en aard van risiko wat die maatskappy bereid is om te aanvaar in die soeke na doelwitte. Dit word ook as die risikogeneïghheid van die direksie in die strewende na volhoubare welvaartskepping beskryf.

Die volgende kwalitatiewe en kwantitatiewe faktore word deur die direksie oorweeg wanneer die risiko-ptyt en verwante toleransievlakke bepaal word:

- risiko-opbrengsprofiel van die bestaande beleggings-portefeulje;
- beskikbaarheid van kontantbronne en ander likiede bates wat maklik na kontant omgeskakel kan word;
- beskikbare befondsingsgeleenthede;
- risiko-opbrengsprofiel van voorgename geleenthede;
- ESG-profiel van die huidige portefeulje en beleggingssektore;
- finansiële maatstawwe van toepassing in die meting van prestasie, insluitende:
  - intrinsieke netto batewaarde (INBW);
  - opbrengs op INBW relatief tot vergelykende risiko-beleggings;
  - dividendbeleid;
  - vryekontantvloei; en
  - hefboomverhoudings;
- internasionale en plaaslike ekonomiese siklusse en tendense;
- buitelandse valutakoerse en tendense;
- wesentlikheid van risiko's met verwysing na die INBW van die groep;
- risikobestuursvermoë en volwassenheid; en
- hulpbrontoekenning en -strategie.

## Risikodraende vermoë

Risikodraende vermoë word as 'n geldwaarde gedefinieer wat as maatstaf gebruik word om die maksimum verlies te bepaal wat die maatskappy kan ly sonder om dit aan 'n situasie bloot te stel waar die voortbestaan en lopendesaaik-status daarvan bedreig word.

Gegewe die aard en samestelling van Remgro se INBW, te wete ekwiteitsbeleggings, netto oorskot kontant en die konserwatiewe grootte van skuld by houermaatskappyvlak, is daar tans geen bekende blootstellings wat die lopendesaaik-status van die groep in gedrang kan bring nie.

## Onverwagte of ongewone risiko-ervarings

Die risiko- en geleentheidsbestuursproses is daarby ook ingestel op die eksterne omgewing om te verseker dat nuwe risiko's en geleenthede tydig geïdentifiseer en die doeltreffendheid van tydige reaksie daarop geëvalueer word. Scenario's word verder gebruik om die geskiktheid van die maatskappy se sakeveerkragtigheid te beoordeel.

## Tegnologie- en inligtingsbestuur

### Benadering

Remgro volg 'n gestruktureerde benadering om tegnologie- en inligtingsrisiko's te bestuur en tegnologieverwante geleenthede te evalueer en na te streef. Senior bestuur verteenwoordig Remgro se besighede by die tegnologie- en inligtingsloodskomitee. Hierdie komitee, onder voorsitterskap van die hoof van tegnologie en inligting, verskaf leiding en ondersteuning vir tegnologie- en inligtingverwante sake en rapporteer aan en adviseer die RGTIB-komitee (deur die oudit-en-risikokomitee) oor beduidende bedryfs-, projek- en ander tegnologieverwante kwessies. Die rol en verantwoordelikhede van die onderskeie komitees word in die tegnologie- en inligtingsbestuursbeleid uiteengesit.

## Metodologie

Risiko's en kontroles word beoordeel met verwysing na algemeen aanvaarde raamwerke soos die Information Technology Infrastructure Library (ITIL), Information Systems Audit and Control Association (ISACA) se beheerdoelwitte vir inligting en verwante tegnologieë (COBIT) en die Center for Internet Security (CIS) se kritieke sekuriteitskontroles (CSC). Dit word by die gekombineerde gerusstellingsproses van Remgro se interne oudit ingesluit.

Remgro volg oor die algemeen 'n konserwatiewe benadering en streef daarna om blootstellings wat vermy kan word, uit te skakel en risiko binne praktiese beperkinge te verminder. Remgro is deeglik bewus van verwagtinge wat privaatheid betref, vir beide sy eie vertroulike inligting, asook korporatiewe en private inligting van belanghebbendes.

Die rol van die innovasie-en-portefeuljebestuurder binne die tegnologie- en inligtingsafdeling is spesifiek gerig op die evaluering van tegnologieverwante geleenthede, beide dié wat hulself intern voordoen, asook dié wat deur Remgro se besighede geïdentifiseer word. Hierdie funksie word gebruik om potensiële geleenthede vir Remgro se tegnologie- en inligtingsrisikoprofiel te keur, asook om te adviseer oor wat die impak daarvan sal wees indien hierdie geleenthede nagestreef word. Tegnologie en inligting het stelselmatig verskuif van 'n funksie wat slegs ondersteuning verskaf na een wat ál meer waarde bied as 'n dryfveer om sakegeleenthede in sy eie afdeling, asook regoor Remgro se portefeulje, te skep.

## Voorkomende tegnologieë

Remgro het 'n omvattende stel tegnologieë geïmplementeer om die omgewing en verbruikers te beskerm. Dit sluit in fisiese en logistieke toegangskontroles, netwerkbrandmure, eindpuntbespeuring en -reaksie (EDR), data-enkodering, sterk identiteite met uitgebreide gebruik van multifaktorverifikasie, indringingsvoorkomingstelsels, monitering van sekuriteitsinsidente en -gevalle (SIEM) en voortgesette kwesbaarheidsbestuur.

Hierdie tegnologieë word aangevul deur bedryfsmonitering en voortdurende bewusmakingsveldtogte vir verbruikers.

## Monitering

Kontroles se geskiktheid en doeltreffendheid word op verskeie vlakke gemonitor. Die huidige tegnologiediensverskaffer is verantwoordelik vir nasporing en verskaf gereelde terugvoering aan die hoof van tegnologie- en inligting oor die werking van sleutelkontroles, insluitende die uitkoms van veranderinge aan die omgewing, take wat verrig is met die gebruik van bevoorregte toegangsidentiteite, die werking van sekuriteitsinfrastruktuur en die uitkoms van hersteltoetse.

Onafhanklike gerusstelling word verkry vanaf Remgro se interne oudit in die vorm van herhalende jaarlikse hersienings wat IT se algemene kontroles, kubersekuriteit en stelsels dek. Hierbenewens word eksterne indringerstoetse jaarliks onderneem. Die uitkoms en aanbevelings van onafhanklike gerusstellingsaktiwiteite word deur bestuur hersien. In die meeste gevalle word die toepassing van risikovermindering bo risiko-aanvaarding gekies.

Benewens die bogenoemde moniteringsaktiwiteite word operasionele sekuriteitsmonitering deur 'n derde party 24 uur deurlopend verskaf. Sekuriteitsverwante waarskuwings en sekuriteitsinfrastruktuur-inskrywings word regstreeks na die diensverskaffer gestuur vir ontleding en reaksie. Remgro (gesteun deur die huidige primêre tegnologiediensverskaffer) bly aanspreeklik vir die bestuur van reaksies op insidente.

Derde partye speel 'n betekenisvolle rol in die ondersteuning van Remgro se tegnologie- en inligtingstelsels. Die volwassenheidsvlak van derdeparty-risikobestuur neem toe en verskaffingskettingrisiko's word goed verstaan. Verskaffers se prestasie en risikoprofiel is onderhewig aan aanvanklike en periodieke monitering, met toesig vir sleutelverskaffers wat selfs meer gereeld plaasvind.

## Wetlike nakoming

As deel van die direksie se verbintenisse tot etiese leierskap, is 'n wetlike nakomingsbeleid goedgekeur en is daar bevestig dat voldoende bestuurskapasiteit en kontroles in plek is ten einde te verseker dat daar aan alle toepaslike wette en belangrike industriepraktyke voldoen word.

Die administrasie van die wetlike nakomingsstelsel is by 'n amptenaar gesetel wat oor die toepaslike regskwalifikasies beskik. Die maatskappy se senior bestuurslede word op 'n gereelde basis van alle nuwe wetgewing of wysigings ingelig.

Die nakomingskontroles berus by senior bestuur van wie dit ook verwag word om op 'n gereelde grondslag aan die maatskaplike-etiese komitee verslag te doen rakende hulle nakoming deur gebruik te maak van 'n kontrole-selfevaluasie metode. Hierdie proses is ingesluit in die jaarlikse gesamentlike gerusstellingsplan. Die uitkoms en nakomingsbepalings word aan die direksie, via die RGTIB-komitee, gerapporteer en geen voorvalle van nie-nakoming, of boetes weens nie-nakoming, is aangemeld nie.

Die RGTIB- en operasionele ESG-komitees bestuur en monitor die nakoming van huidige en opkomende ESG- en volhoubaarheidstandaarde en -riglyne, beide dié wat vrywillig en dié wat verpligtend is en wêreldwyd sowel as op eie bodem geld.

## Interne beheer en interne audit

Die groep handhaaf 'n gesonde beheeromgewing, insluitende 'n omvattende interne beheerstelsel wat daarop gemik is om risiko's in die onderneming te verminder en te verseker dat die groep se doelwitte deurlopend bereik word. Interne beheermaatreëls is op die beginsel geskoei dat aanvaarbare risiko inherent is in die ontwerp en implementering van 'n kostedoeltreffende interne beheerstelsel. Die stelsel sluit moniteringsmeganismes en temperingsprosesse in om tydige leemtes aan te vul waar dit bespeur word. Die stelsel gebruik die COSO interne beheer – geïntegreerde raamwerk as maatstaf.

Die interne auditfunksie staan onder die bestuur van Remgro Bestuursdienste Beperk, en die HOB, mnr Deon Annandale, rapporteer aan die voorsitter van die audit-en-risikokomitee en funksioneel aan die HFB. Die afdeling voldoen aan die vereistes van King IV en die internasionale standaard vir die beroepspraktyk van interne audit. Die afdeling handhaaf 'n drievlakprogram vir gehaltegerusstelling en -verbetering, soos voorgeskryf deur die Instituut van Interne Ouditeure. Dit behels 'n volgehoue selfevalueringsproses, met onafhanklike eksterne beoordeling deur 'n internasionale eksterne ouditeursfirma, anders as die groep se eksterne ouditeure, elke drie jaar. Die funksie het sy algemene nakomingsgradering suksesvol sedert sy ontstaan behou.

Die interne auditplanne, soos deur die audit-en-risikokomitee goedgekeur, word op 'n risikogebaseerde gerusstellingsbenadering opgestel, met die klem daarop om waarde tot die beheeromgewing toe te voeg terwyl onafhanklike gerusstelling aan die audit-en-risikokomitee en die direksie verleen word rakende die doeltreffendheid van onder andere interne finansiële beheermaatreëls; interne beheer oor bedryfs- en nakomingsaangeleenthede; geskiktheid van bestuurstelsels insluitende die "ingesteldheid van bo"; die doeltreffendheid van die gesamentlike gerusstellings- en risiko-geleenthedsbestuursproses.

Die funksie is daarby strategies in lyn met die skep en behoud van waarde en die verskaffing van insig in risiko's en geleenthede wat na vore kom.

Die interne ouditafdeling verskaf ook onafhanklike interne audit- en risiko- en geleenthedsbestuursdienste aan sommige groepsmaatskappye wat verkies om die funksie uit te kontrakteer. In sulke gevalle word toegewyde prosesse gehandhaaf om die onafhanklike werking van die afdeling te verseker, insluitende sy fidusiële verpligting ten opsigte van groepsmaatskappye en die beveiliging van hul besigheidsinligting.

Indien nodig, word deskundige vaardighede van buite bekom om met inligtingstechnologie en forensiese dienste behulpsaam te wees.

## Doeltreffendheid van risiko- en geleenthedsbestuursproses en interne beheerstelsel

Die direksie, deur middel van die audit-en-risikokomitee, het die gedokumenteerde beleide, prosedures en onafhanklike gerusstellingsverslae oorweeg en is tevrede dat die beheeromgewing, saam met interne beheer-, risiko- en geleenthedsbestuursprosesse wat in die groep geïmplementeer is, doeltreffend funksioneer.

Die direksie is nie bewus van enige blootstelling of posisie wat daartoe kan lei dat die oorblywende risikoprofiel van die groep die perke oorskry van die risikodraende vermoë wat deur die direksie bepaal is nie.

## Oorsig van fokusgebiede

Die volgende was fokusgebiede gedurende die jaar onder oorsig:

- Die Rusland-Oekraïne- en Gasa-konflikte, en verwante implikasies, insluitende sake-veerkragtigheid;
- Opkomende eksterne risiko's en geleenthede, wat vanuit globale en plaaslike politieke, ekonomiese, maatskaplike, tegnologiese, wetgewende en omgewings neigings ontwikkelings voortspruit;
- Omvangrykheid van bedrogvoorkoming en -opsporing prosesse gegewe die omvang en voorkoms van nie-Remgro gerapporteerde onreëlmattighede in die pers;
- Inkorporering van voortdurende verwickelinge ten opsigte van internasionale finansiële en nie-finansiële volhoubaarheids-rapporteringstandaarde en ESG-rapporteringsraamwerke;
- Ouditeur-rotasieverwickelinge en reputasieskade deur sommige ouditfirmas gely;
- Wesentlike transaksies in die finansiële jaar;
- Doeltreffendheid van risiko- en geleentheid-, asook gesamentlike gerusstellingsprosesse;
- Menings oor die doeltreffendheid van die beheeromgewing en interne finansiële beheer;
- Eksterne maatstafbepaling van die tesouriebeleid teenoor internasionale beste praktyke;
- Terme en gerusstellingsplanne van beide interne en eksterne audit;
- Eksterne rapportering, beide finansiële en nie-finansiële;
- Beoordeling van die HFB, finansiële afdeling en HOB;
- Inligtings- en tegnologiebestuur, onder andere kuberrisiko; en
- Verdere ontwikkeling van bestuursprosesse wat ESG- en volhoubaarheidsrisiko's en -geleenthede betref, insluitende die ontwikkeling van 'n register vir ESG-risiko's en -geleenthede en 'n volwassenheidsmodel om Remgro se vordering op hierdie gebied te bestuur.

Bogenoemde aspekte sal in die agenda herhaal word, met betrekking tot fokusgebiede, gegewe die groepsbestuursstandaarde en ooreenstemmende komiteemandaat.